Vrydag **31 Mei**

**Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21**

**Fokusgedeelte: Openbaring 22:6-21**

**Lewende verwagting!**

Moses was destyds bevoorreg en begenadig om die hele beloofde land te sien vanaf die top van Pisgaberg regoor Jerigo (Deut. 34:1). Johannes is deur die Gees meegevoer en ’n engel het hom na ’n groot hoë berg geneem. Van daar af het hy die nuwe Jerusalem gesien, die stad van God waarna Abraham al in sý tyd uitgesien het. Woorde kan nie regtig beskryf wat Johannes toe gesien het nie, omdat alles so in oortreffende mate is!

Hoe is dit moontlik dat die hele geskiedenis vanaf Genesis 1:1 tot by so ’n wonderlike punt kan kom? Dit is in die Openbaringboek uitgespel met ’n pad van ingrypings en onoorsienbare rampe wat ’n mens ook baie laat dink aan die plae en rampe waarmee Egipte destyds getref is. Al die dinge is baie ordelik in die Openbaringboek saamgevat in die verseëlde boekrol in die hand van Hom wat op die troon sit. Net God kan so maak en net Hy het al so gemaak (Deut. 4:32-39)! Die finale en beslissende moment destyds vir Israel was die deurtog deur die Rooisee. Vir Egipte was dit ’n finale dag van afrekening; vir Israel was dit die finale oomblik van hulle verlossing. Ook wonderlik dat die lied wat Moses profeties na die deurtog deur die Rooisee gesing het, ook weer ter sprake kom in Openbaring 15, aangevul en verdiep deur die lied van die Lam.

Kyk na die geskiedenis; dáár is die voorsmaak van dit wat kom! God se plan, Hy wat van die begin af daar is en die eeue oorsien, sý bedoeling om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus (Ef. 1:10). Dit is die kernboodskap van die sewe seëls. Daarom in Openbaring ook soveel klem en fokus op die hemel en hoe alles vanuit die hemelse heiligdom geaktiveer word.

Met dié groot oorsig oor die geskiedenis bring Openbaring 22:6-21 ons terug by die lewe nou en al sy uitdagings. Daarom juis die versekering dat die bogenoemde uiteensetting van die geskiedenis waar en seker is, en die seën wat rus op elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem. Ook juis by herhaling die beskrywing dat Jesus is Wie Hy is: die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Wortel en Nakomeling van Dawid, die helder Môrester.

Dié sekerheid gee duidelike rigting en dryfkrag in ons daaglikse lewe. Dit is om die klere te was, met dié heerlike, wettige vooruitsig van reg hê op die boom van die lewe en ingaan deur die kosbare poorte van die stad. Ons kán met goeie reg verder kyk as Israel destyds nadat húlle deur die Rooisee gegaan het! Klere was – Openbaring 19:9 sê dat die bruid haar gereedgemaak het vir die bruilof van die Lam!

Dáárom ook die hartlike roep van die Gees en die bruid (ons roep nie alleen en op eie houtjie nie!): “Kom!” Dis die roep na Bo, en ook die roep na mekaar: “Elkeen wat dors het, elkeen wat die water van die lewe wil hê.” Hierdie water is verniet, gratis! Ons roep, en Hy antwoord: “Ja, Ek kom gou!”

*Sing Skrifberyming 15-7:5*

*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*